Kus Ekosorg (c)

Graad 6

A DOEL

Om die Penkop en Drawwertjie:

1. In te lig dat die mens met ondeurdagte optrede besig is om die kus te vernietig.
2. Die noodsaaklikheid van bewaring aan die kus te leer.
3. Bewus te maak van die detail in alle fasette van die Skepping.

B VEREISTES

Die Penkop en Drawwertjie moet:

1. Die kultuuropdrag en skeppingsverhaal sy eie maak.
2. Prakties kennis maak met die bewaring wat op ons duine gedoen word.
3. Weet wat die oorsaak van die vernietiging van ons duine is en haalbare oplossings aan die hand doen om dit teen te werk.
4. Prakties of deur middel van opleeswerk of video's agterkom watter faktore 'n bedreiging vir ons rotspoele inhou.
5. Deelneem aan 'n bespreking om vas te stel of besoedeling van rotspoele enige bedreiging vir ons as mens inhou.
6. 'n Debat hou oor wat natuurbalans beteken. Byvoorbeeld: Sal dit goed wees as alle seegrasse by strand-oorde voor elke vakansieseisoen verwyder word?
7. Bepaal watter optrede van die mens gevaar inhou vir ons kusareas se natuurlewe.
8. 'n Plakboek/Collage maak of besprekings hou oor moontlike bedreigings vir die natuurlewe.
9. 'n Studie maak van minstens vier natuurbewaringsinstansie wat verantwoordelik is vir natuurbewaring langs ons kus.
10. Die verskil ken tussen: 'n bedreigde spesie, 'n beskermde spesie en 'n uitgestorwe spesie en voorbeelde kan uitken van elkeen.
11. 'n Studie maak van een van die spesies genoem in vereiste 10.
12. 'n Studie maak van 'n walvis, seemeeu of 'n pikkewyn onder die volgende opskrifte.

Sy bou	Eetgewoontes	Blyplek
Vyande	Sosiale gewoontes	Ander

13. Weet wat die verskil tussen 'n seereservaat en 'n Nasionale Seekuspark is en hoekom die areas geproklameer word. Stel vas wat die rede is vir die ontstaan van **minstens** twee reservate of parke.
14. 'n Reservaat of seekuspark besoek en deelneem aan 'n bespreking oor die besoek.
15. Op 'n kaart aandui waar al die Suid-Afrikaanse seekusparke is.
16. Deelneem aan 'n bewaringsaksie langs die kus waarby elke kind fisies betrokke is.

C AANBIEDING

1. Hierdie spesialisasie sal alleenlik by die see aangebied kan word. Wanneer u die plek bepaal moet u seker maak dat daar wel duine, poele en besoedeling voorkom.
2. Meeste van die inligting sal uit video's en boeke verkry moet word, maar Natuurbewaring en Seevissery kan ook genader word vir inligting.
3. 'n Projekboek/Collage kan gebruik word omdat meeste van die inligting totaal nuut sal wees. Bring ook foto's, sketse en prente hier aan.
4. Vir die bewaringsaksie moet u vooraf met die betrokke omgewing se bewaarders reëlings tref. (aksies soos skoonmaak van strand of pak van takke teen duine)

Die waarde van Ereveldwagters en natuurbewaarders is onontbeerlik met die aanbieding van Kus ekosorg en hulle is altyd bereid om te help met lesings.